# BOEKRESENSIES

*W.G. Shreeves: Nationmaking in Nineteenth Century Europe (Nelson Advanced Studies in History).* Thomas Nelson and Sons, Walton-on Thames, 1984.

Die skrywer volg 'n nuwe en baie prikkelende benadering tot die faktore wat gelei het tot die unifikasie van Duitsland en Italië. In beide gevalle word die geskiedenis van die unifikasie van die twee lande tussen 1815 en 1914 uiteengesit, daarna word hierdie geskiedenis ontleed. Die skrywer gee eers 'n oorsig van die ontstaan en dryfvere agter die Italiaanse nasionalisme (1815-1860) en die Duitse nasionalisme (1815-71). Aandag word gegee aan enkele leiersfigure onder die Italiaanse nasionaliste en wat hulle doelwitte was. Italiaanse historici het teen die einde van die 19e eeu geen probleem gehad om te besluit dat Cavour die argitek van Italiaanse eenheid was nie. Volgens hulle het hy vyf voordele bo die leiers van 1848 gehad:

1. Hy het 'n duidelike doelwit gehad, nl. die vereniging van Italië onder die leiding van die Sardiniese Monargie.
2. Hy het 'n meesterplan uitgewerk om die hulp van Frankryk en Brittanje te kry vir sy planne.
3. Hy het Sardinië gemoderniseer sodat Oostenryk die stryd aangesê kan word.
4. Dit is deur sy toedoen dat Victor Emmanuel 'n populêre koning geword het.
5. Hy het oor die vermoë beskik om almal wat t.g.v. Italiaanse eenheid was, onder sy leiding te verenig.

Elkeen van hierdie vyf voordele word onderwerp aan die uitlatings van ander Italiaanse leiers uit dieselfde tydperk. Die skrywer probeer hierdeur 'n antwoord gee vir die vraag of Cavour werklik gestreef het na Italiaanse eenheid en of hy nie maar die eenheidstrewe gebruik het om Sardinië se mag en invloed uit te brei nie. D.m.v. aanhalings uit die dagboeke van ministers, generaals, notules van kabinetsvergaderings en uitlatings van vriende van Cavour word die leser gelei om self te besluit of daar samewerking of ernstige konflik bestaan het tussen Cavour, Victor Emmanuel en Garibaldi. In die laaste hoofstuk oor die Italiaanse unifikasie word die menings van kontemporêre historici weergegee sodat die leser kan besluit oor die vraag of die Italiaanse unifikasie 'n triomf of 'n katastrofe was.

In die geval van Duitsland word 'n uiteensetting gegee van die verskillende drukgroepe wat tot in 1847 aangedring het op veranderinge in Duitsland. Die groot vraag wat druk in die geledere van nasionaliste en skrywers bespreek is, was watter vorm die vereniging van Duitsland moes aanneem en watter rol Pruise en Oostenryk daarin moes speel. Die fenominale opkoms van Pruise as grootmoondheid word illustreer op pp. 127 en 128 waar Pruise en Oostenryk se gewapende magte met mekaar vergelyk word. In die hoofstuk oor Duitse nasionalisme word die leser gekonfronteer met 'n hele reeks tabelle, grafieke en die uitsprake van kontemporêre Duitse historici om die vraag te beantwoord oor die redes vir die opkoms van nasionalisme en hoe sterk die unifikasiebeweging was. Die populêre aanvaarding dat die sukses van die Duitse unifikasie toegeskryf word aan Bismarck se meesterplan, word net soos in die geval van Cavour aan strenge ondersoek onderwerp. D.m.v. aanhalings uit oorspronklike dokumente probeer die skrywer lig werp op Bismarck se betrokkenheid by die Hohenzollern-kandidatuur van die Spaanse troon in 1870. Hierdie tweede deel van die boek word ook afgesluit met die vraag of die unifikasie van Duitsland 'n triomf of 'n katastrofe was.

Die groot waarde van hierdie boek is dat die skrywer geen standpunte stel nie, maar dat die geskiedenis weergegee word aan die hand van aanhalings uit dokumente, briewe, notules en dagboeke. Op grond van hierdie gegewens moet die leser self besluit watter historiese veronderstellings die mees aanvaarbare is.

*J.H. Human.*

*G.N. van den Bergh: Die Middeleeue, Butterworth, Durban, 1983.*

Met hierdie publikasie van prof. Gert van den Bergh van die P.U. vir C.H.O. is die Afrikaanse historiese literatuur verryk. Soos hy in sy voorwoord tereg opmerk, bestaan daar in Suid-Afrika, en in besonder by Afrikaanse universiteite, 'n negatiewe en somtyds selfs 'n afwysende houding teenoor die bestudering van die Middeleeue in Geskiedenisleerplanne. Dit word as te ver verwyderd, nie-aktueel en van beperkte historiese betekenis geag. Tog is die ontstaan van Middeleeuse Vereniging in die afgelope dekade 'n aanduiding dat die prentjie nie heeltemal só negatief is nie. Maar hierdie belangstelling kom meer van die tale as van Geskiedenis.

Die Middeleeue is skynbaar van vroeg af vir historici en ander akademici 'n probleem. Hoewel Christopher Cellarius aan die einde van die sewentiende eeu gekrediteer word as die skepper van die begrip Middeleeue, het die Italiaanse Humaniste reeds drie eeue vantevore van 'n middeleeue gepraat. Dit is hulle wat die beeld Lewe-Dood-Wedergeboorte op die geskiedenis toegepas het en die Middeleeue as 'n tydperk van doodsheid beskryf het. Met arrogansie het hulle hulle eie tyd as 'n wedergeboorte beskryf. Dit was Edward Gibbon, meer as enige ander skrywer, wat dié negatiewe beeld van die Middeleeue gepopulariseer het. In sy DECLINE AND FALL OF THE ROMAN EMPIRE het hy die Middeleeue as 'n tydperk van verval en agteruitgang beskryf — "The triumph of barbarism and religion." Milton het die ganse Middeleeue met 'n handgebaar weggevee as die verhaal van "battles of kites and crows," terwyl die Deken van Sint Paul's in sy beroemde lesings oor Rome onder die titel "The idea of Progress" na die Middeleeue verwys as "the longest and dreariest set-back that humanity has ever experienced within the historical period... a veritable glacial age of the spirit."

Van den Bergh se werk staan in skerp reaksie teen hierdie benadering. Hy neem sterk standpunt in teen die oorskatting van die Renaissance as dié rigtinggewende periode in die Europese beskawingsgeskiedenis. Dié dinge waarvoor die Renaissance verheerlik word — belangstelling in die klassieke studies, ontdekking van nuwe wêrelde, verset teen die gevestigde Kerk, die opkoms van handel, nywerheid en stede en 'n sterk ontluikende kuns- en kultuurwaardering — is in werklikheid sake wat lank vóór die vyftiende eeu juis in die Middeleeue begin ontluik. Sy standpunt dat die Afrikaner se Calvinistiese belangstelling in die Hervorming tot 'n negatiewe ingesteldheid teenoor die Middeleeue as die "Roomse periode" gelei het, is waar. Van den Bergh het 'n